



GOD GEE ALTYD VIR ONS HOOP

Hoop

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat hoop 'n werklikheid is.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- waar daar hoop is, is daar lewe (in teenstelling met die spreekwoord wat sê: *waar daar lewe is, is daar hoop*);
- hoop is 'n werklikheid waarin ons glo;
- God belowe dat Hy vir ons 'n God sal wees, maar dan moet ons vir Hom 'n volk wees; en
- dit gee vir ons baie hoop as God belowe om ons God te wees.

Gesindheid

Die kinders moet bereid wees –

- om God geheel en al te vertrou, want Hy doen wat Hy ons belowe.

Vaardigheid

Die kinders stel 'n lys op van 10 sake waaroor hulle al in die verlede bekommerd was en waarvoor hulle gebid het.

MEER INLIGTING (Hebreërs 11: 1-39)

Geloof en *hoop* is twee kernbegrippe in elke gelowige se lewe!

Die woordjie *hoop* verskyn net in Hebreërs 11: 1, maar *uitsien* en *verlang na* beteken dieselfde as hoop (11: 10, 16, 26).

Hebreërs 11 vertel van mense uit die Ou Testament wat bekend was omdat hulle geglo en gehoop het. Ons praat van hierdie mense as geloofshelde.

'n Goeie definisie vir die woord *hoop* is Hebreërs 11: 1. *Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.*

Die definisie word dan verder verduidelik met meer begrippe in die volgende verse:

- *die dinge wat ons hoop* (vers 1);
- *die dinge wat ons nie sien nie* (vers 1);
- *wat nog nie gesien kon word nie* (vers 7);
- *wat mense uit die verte gesien het* (vers 13);
- *die belofte van die beloofde land* (verse 9, 11, 13, 17, 33, 39);
- *die beloning* (verse 6, 26);
- *die erfdeel* (vers 8);
- *die hemelse stad* (verse 10, 16); en
- *die hemelse vaderland* (verse 14, 16).

Hoop het te doen met dinge wat nog nie gebeur het nie, maar omdat God getrou is, is dit so goed of dit reeds gebeur het. Jy is seker in jou hart dat God jou nie sal teleurstel nie.

Die woorde *geloof* en *glo* kom ongeveer 25 keer in hierdie gedeelte voor.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.

BEGIN MET DIE NUWE JAAR

- Reël vooraf dat afgekondig word dat die ouers of voogde van die kinders in jou klas vir die eerste deel van die klastyd saam met hulle kinders na die klas moet kom.
- Gee geleentheid vir 'n kort, spontane bekendstelling.
- Begín deur 'n gebed te doen of een van die ouers te vra om die gebed te doen (indien vooraf gereël).
- Lees die voorwoord van hierdie boek terwyl almal bymekaar is.
- Handel die register en ander administrasie af.
- Bespreek die administratiewe reëlings, en deel kontakbesonderhede tussen die ouers en kategeet. Die ouers kan die klas daarna verlaat.
- Bring dit onder die kinders se aandag dat hulle elke Sondag hulle Bybels moet saambring.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Dit wat ons glo en dit wat ons hoop, kan nooit van mekaar losgemaak word nie. Ons glo byvoorbeeld dat God vir alles en almal op aarde sorg. Daarom hoop ons of kan ons hoop dat Hy ook vir ons sal sorg. Ons geloof, dat God sorg, is dus die fondament, die sekerheid waarop hoop gebou word, naamlik dat Hy ook vir my persoonlik sal sorg. Geloof is juis om seker te wees. Anders gestel: Geloof is 'n vaste vertrou. Ek het gemoedsrus, ek het vrede in my hart

dat God ook na my sal omsien. Maar ons glo ook dat God se tydsberekening soms anders as ons s'n is. Daarom raak ek nie ongeduldig as dinge soms nie op tyd gebeur of soos ek dit graag sou wou hê nie.

IETS INTERESSANT

Maak vir jou 'n verstaanbare opsomming van MEER INLIGTING hierbo en dra dit aan die kinders oor.

IETS BELANGRIK

Lees Hebreërs 11: 1 en 8-19.

Skerp die volgende by die kinders in:

- *Geloof en hoop* is twee kernbegrippe in ons lewe! Dit laat ons vertrou dat God, wat ons ken as die enigste getroue God, die goeie dinge sal laat gebeur wat Hy belowe. Hierdie geloof en hoop is iets veel dieper as net *hoop vir die beste*.
- Hebreërs 11 vertel van mense uit die Ou Testament wat bekend was omdat hulle geglo en gehoop het. Ons praat van hierdie mense as geloofshelde.
- Leer hulle die definisie van geloof: *Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie* (Hebreërs 11: 1).
- Skerp by hulle in wat hoop is: Hoop is dinge wat nog nie gebeur het nie, maar omdat God getrou is, is dit so goed of dit het reeds gebeur. Jy is seker in jou hart dat God jou nie sal teleurstel nie.

IETS OM TE DOEN

Laat die kinders die volgende vrae in hulle boeke beantwoord. Gee hulle 'n paar minute kans. Laat hulle die antwoorde lees, en help hulle reg waar nodig.

- Laat hulle Hebreërs 11: 1 en 8-19 lees.
- Laat hulle uit verse 8, 9, 11 en 18-19 neerskryf wat Abraham alles gedoen het omdat hy geglo het. (*Hy het geluister na God en weggetrek na 'n vreemde land. Hy het op God se bevel in die vreemde land gaan woon. Hy het, hoewel hy en sy vrou albei al baie oud was, na God geluister en 'n kind verwek. Hy het na God geluister en sy seun Isak gaan offer.*)
- Laat hulle uit bogenoemde verse probeer bepaal waarop Abraham gehoop het toe hy in God geglo het. (*Hy sou 'n erfdeel ontvang. Hy het uitgesien na die stad wat vaste fundamente het, waarvan God self die ontwerper en bouer is. Hy sou 'n nageslag hê so talryk soos die sterre van die hemelruim. Hy was daarvan oortuig dat God by magte is om uit die dood op te wek.*)
- Laat hulle nou Hebreërs 11: 37-40 lees, en nadink oor watter betekenis dié verse vir die mense van daardie tyd gehad het. (*Die vroeë gelowiges voor Jesus se geboorte is gemartel en vervolgd en doodgemaak. Die "iets beters" was dat Jesus dít laat gebeur het waarop hulle gehoop het – Hy het hulle gered van die dood en vir hulle die ewige lewe gegee.*)

Laat hulle nou die volgende vrae antwoord:

- Wat beteken hierdie *iets beters* vandag vir jou? (*Jesus het ook vir my die dood oorwin en die ewige lewe gegee.*)
- Daar is mos dinge wat jy hoop, maar wat jy nie kry nie. Hoe help hierdie gedeelte jou om beter te verstaan? (*Dit verseker my dat God nog altyd sy beloftes nagekom het. As Hy vir my belowe dat Hy sal sorg tot in die ewige lewe, dan kan ek dit glo. Sekere dinge wat ek hoop, kry ek nie, want God dink dalk anders as ek daaroor. Daarby berus ek.*)

BY DIE HUIS

DOEN

- Laat die kinders by die huis 'n lys in hulle boeke maak van vriende of ander mense wat hulle ken wie se geloof in die Here uitstaan.
- Laat hulle ook sê wat van die persoon se geloofslawe vir hulle uitstaan.
- Laat hulle Hebreërs 11: 1 memoriseer.
- Laat hulle leer wat hoop is: *Hoop is dinge wat nog nie gebeur het nie, maar omdat God getrou is, is dit so goed of dit het reeds gebeur. Jy is seker in jou hart dat God jou nie sal teleurstel nie.*
- Laat hulle 'n lys opstel van tien sake waaroor hulle al in die verlede bekommerd was en waarvoor hulle gebid het – dinge waarvoor hulle God vertrou het. Laat hulle langs elkeen skryf hoe God hulle gebede verhoor het.

AFSLUITING

- Lees of sing Gesang 219: 2.

*Laat ons praat met almal om ons
oor die hoop wat in ons leef.*

*Jesus Christus het in liefde
al ons sonde ons vergeef.*

*Sing, o sing van ons Verlosser,
Hy oorwin die dood en hel.*

*Ons het deel aan sy oorwinning –
oral wil ons dit vertel.*

- Beklemtoon die woordjie *hoop* waaroor ons met ander om ons moet praat. *Ons moet altyd hoop dat God die beste met ons sal laat gebeur, want ons vertrou Hom. Die beste het gebeur: Jesus het al ons sonde vergeef. En as slegte dinge met ons gebeur, weet ons dit is nie Hy wat dit op ons pad gebring het nie. Hy sal ons juis bystaan en help as slegte dinge ons moedeloos maak.*
- Sluit af met gebed.